# JESUS, DIE GROOTSTE GESKENK

"God het die wêreld so liefgehad
dat Hy sy enigste Seun gegee het,
sodat elkeen wat in Hom glo,
nie verlore sal gaan nie
maar die ewige lewe sal hê."

Johannes 3:16

## God gee wat regtig goed is

Wanneer iemand vir jou 'n geskenk gee, wys dit dat hulle aan jou dink en jou liefhet. God het vir ons die beste geskenk ooit gegee – Jesus. Jesus is die teken van God se liefde vir elke mens.

Jakobus 1:17 sê dat elke goeie en volmaakte geskenk van God af kom. Alles wat waarlik goed is – liefde, lewe, vergifnis, vrede – begin by Hom. Jesus is die grootste van al hierdie geskenke. Deur Hom leer ons om God te ken en om ander lief te hê.

"Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo."

Jakobus 1:17



## Kersgeskenke is nie vir ewig nie

Daar is een ding wat meeste Kersgeskenke in gemeen het: Maak nie saak hoeveel jy van jou geskenk hou nie, aardse geskenke hou nie vir ewig nie. Mooi nuwe klere, raak naderhand opgedra of jy ontgroei dit. Jou oulike speelding kan breek of jy kan moeg raak daarvoor.

## Die geskenk wat altyd bly

Geskenke breek, raak oud of verdwyn, maar daar is een Kersgeskenk wat anders is. Dis die ware geskenk waaroor Kersfees gaan. Dis God se geskenk aan ons: Sy Seun, Jesus.

Wanneer ons Hom aanneem, gee Hy vir ons iets wat niemand kan wegneem nie – vergifnis, vrede en ewige lewe.

Die beste deel is dat dit nooit eindig nie. In Psalm 23:6 sê die Bybel dat vriendelikheid en liefde elke dag van ons lewe by ons sal wees en dat ons vir ewig in God se huis sal woon.

"U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae."

Psalm 23:6


©KRUISKIND.CO.ZA

## Jesus verander ons lewens

Toe Jesus na die wêreld toe gekom het, het Hy lig gebring in plekke wat donker was. Hy het mense gehelp, vergewe en liefgehad, selfs dié wat Hom seergemaak het.

Wanneer ons Hom leer ken, begin ons ook anders dink en optree. Ons leer om dankbaar, vriendelik en vol vrede te wees, al gebeur daar soms moeilike dinge.

Kersfees herinner ons daaraan dat Jesus nie net gebore is om in 'n krip te bly nie — Hy het gekom om ons harte te verander. Hy is God se volmaakte geskenk wat nooit ophou gee nie.



## Dink daaroor

→ Wat beteken dit dat elke goeie gawe van God af kom?
→ Hoekom sê ons dat Jesus die grootste geskenk is?
→ Hoe kan jy hierdie Kersfees vir Jesus dankie sê vir sy liefde?
→ Watter "goeie gawes" sien jy elke dag in jou eie lewe?

## Maak jou eie "Geskenkboks van dankbaarheid"

Neem 'n klein boksie of houertjie en skryf op klein papiertjies dinge waarvoor jy dankbaar is. (Byvoorbeeld: my gesin, my huis, my vriende, Jesus se liefde.) Sit die papiertjies binne-in en lees dit weer op Kersdag om jou te herinner aan al die goeie gawes wat God vir jou gee.



## Memoriseer

Probeer om hierdie teksvers te memoriseer en altyd te onthou wat dit beteken.

"Elke goeie gawe
en elke volmaakte geskenk
kom van Bo."

Jakobus 1:17

©KRUISKIND.CO.ZA